

DIE NP IS 'N SLAGOFFER VAN SY EIE WANBEGRIIP

Sampie Terreblanche

Sedert die bekendmaking van die Notule van Verstandhouding van 26 September, vind 'n ernstige geskarrel in die NP plaas. Vir meer as twee jaar kon Pres. De Klerk nie 'n voet verkeerd sit in die oë van die slaafse Naspers-koerante nie. Maar sedert die Verstandhouding is hierdie koerante aanhoudend besig om Pres. De Klerk met ongekende venyn te gaffel.

Op 3 Oktober skryf Dawie in Die Burger dat "die onrusbarende verloop van die politiek landswye ontsteltenis veroorsaak", dat "te veel dinge in die land aan die gly is", dat "diepe selfondersoek deur NP-leiers nodig (is) oor die hele onderhandelingsstrategie" en dat Kaapland se NP-kongres - "tradisioneel 'n stabiele NP-kragbron" (sic) - leiding en 'n gesonder perspektief aan die NP-leierskap sal moet gee.

Lood skryf in Beeld van 15 Oktober dat daar in die eerste week van die kort parlementere setting "'n heel opstandige gees" onder NP parlamentslede geheers het. Volgens 'n artikel in The Argus is die wedloop oor wie Pres. De Klerk gaan opvolg reeds in volle swang. Die twee perde wat glo voor hardloop is Pik Botha en Dawie de Villiers. Dié vooruitsig is voorwaar "too ghastly to contemplate". Selfs Pres. De Klerk se opponente sal moet saamstaan om hom regop te hou.

Hoe ernstig die huidige NP-krisis is, word duidelik gedemonstreer deur die emosionele kragdadigheid waarmee Pres. De Klerk nou die ANC/SAKP alliansie aanval en deur die onuitvoerbare en selfs belaglike beloftes waarmee hy sy (opstandige) ondersteuners-korps probeer paai. Wie glo hom nog? Hy gly dan voortdurend op die glibberige skuinste waar hy sy staan probeer staan.

Gedurende die afgelope drie weke klink Pres. De Klerk al hoe meer soos P.W. Botha, hy lyk al hoe meer soos hy en sy lyftaal word al hoe meer soos die van die Groot Krokodil. Om alles te kroon het De Klerk op 19 Oktober - vir die eerste maal sedert 14 Augustus 1989 - by P.W. Botha in die Wildernis gaan kuier. Sou hy dalk ammunisie uit

Botha se geheime "wapenarsenaal" gaan bedel het vir nog kragdadiger grofgeskut? Dis hom nie waardig nie.

'n Mens het alle rede om te vra: Wat is in die NP aan die gang? Die antwoord is voor-die-hand-liggend - die NP se onderhandelingsstrategie van "magsdeling sonder oorheersing" lê in flarde. Die NP is in 'n yslike krisis. Hy wil nie mag afgee nie, maar hy kán - en gáán - dit nie behou nie!

Die NP se onderhandelingsstrategie sedert 2 Februarie 1990 het van meet af 'n dubbele agenda gehad. Enersyds moes daar deur onderhandelinge met die Bevrydingsorganisasies 'n ooreenkoms oor 'n nuwe grondwetlike bestel bereik word om die legitimiteit (en selfs die legaliteit) van die Suid-Afrikaanse bestel te herstel. Andersyds moes die nuwe grondwet egter so "gestruktureer" word dat die NP nie sy politieke mag sou verloor nie, maar steeds aan bewind sou bly.

Die basiese veronderstelling waarop die NP sy dubbele agenda gebaseer het, was dat dit nie te moeilik sou wees om die ANC-alliansie as't ware te uitoorle en om hulle op een of ander manier by die nuwe "stelsel" te koöpteer nie.

Vir die eerste twee jaar ná "2 Februarie" was die ANC so insiklik dat die NP rede gehad het om te glo dat hy wel daarin gaan slaag om die ANC te uitoorle. Maar tydens Kodesa I het dinge verkeerd begin loop vir die NP. toe Mnr Mandela vir Pres. De Klerk 'n skrobering gegee het asof hy 'n stout skoolseun is. Die woede in NP-geledere het glo geen perke geken nie. Die ontsporing van Kodesa II en die eise wat die ANC ná Boipatong gestel het, was 'n tweede groot terugslag.

Die derde groot terugslag was die Notule van Verstandhouding op 26 September. Toe die NP aan byna al die eise van die ANC toegegee het, was die skrif vir die NP se hervormingsstrategie en sy dubbele agenda aan die muur. Selfs lojale en stiksienige ondersteuners van die NP kon nie anders as om die "onheilspellende" skrif te lees nie. Die De Klerk-regering het die inisiatief oor grondwetlike aangeleenthede verloor. Daar is geen kans meer dat die NP die ANC gaan uitoorle nie. Vir die dogmatiese ondersteuner van die NP wat hierdie party se disinformasie vir soetkoek opgeëet het, moet dit

inderdaad nou lyk asof die ANC besig is om die NP te uitoorle. Vandaar die opstandigheid en selfs paniek in NP-kringe.

Waarom is die De Klerk-regering se hervormingstrategie besig om so klaaglik te misluk? Die De Klerk-regering het van meet af nie verstaan wat die transformasie na 'n nuwe bestel alles behels of behoort te behels nie! Die NP verstaan klaarblyklik gladnie dat hierdie transformasie nie net met 'n nuwe parlementêre stelsel te make het nie, maar óók 'n betekenisvolle verskuiwing van sosiale mag (d.w.s. van mag in al sy manifestasie) móét bewerkstellig. Vir só 'n verskuiwing van sosiale mag het die NP - met sy arrogante geloof in blanke meerderwaardigheid - klaarblyklik geen begrip nie. Boonop beskik die NP hoegenaamd nie oor die kennis en vermoë om hierdie soort magsverskuiwing in die nodige historiese perspektief te interpreteer nie.

Die NP se 44 jaar van politieke monopolie en apartheid het hom allermens vir ^{sy} ~~die~~ grootste uitdaging voorberei. 'n Mens wonder selfs of die NP - indien sy roemlose verlede in ag geneem word - hoegenaamd die morele en begripmatige kapasiteite het om met sulke groot verantwoordelikheid toe vertrou te word, soos om een van die argitekture van die nuwe bestel te wees.

Die NP het sy politieke mag op so 'n ruwe manier misbruik en sy ondersteuners so erg verwen aan materialistiese voordele met begunstiging, nepotisme en korrupsie dat dit vir nóg die NP nóg sy ondersteuners moontlik is om hoegenaamd te verstaan wat 'n demokratiseringsproses regtig beteken.

Ná meer as 40 jaar se onderdrukkende en uitbuitende apartheidsbeleid - is dit vir die NP eweneens onmoontlik om te verstaan wat sosiale regverdigheid vir al 40 miljoen Suid-Afrikaners van elkeen gaan opeis. Die NP beskik eenvoudig nie oor die wil en die insig wat nodig is om die verlamme greep van seksionele groepsdenke af te skud en om inklusief in terme van die gemeenskaplike belang van die totale bevolking te dink en te handel nie.

Gedurende vier dekades van uiters swak openbare kontrole, het soveel geraamtes in die NP se muurkaste opgegaan, dat die NP dit

klaarblyklik nie kan bekostig om te verstaan dat die bewind aan 'n nuwe regering oorgedra sal moet word nie. Boonop sorg diegene wat bang is dat hulle aan die pen gaan ry, dat die NP nooit weer suiwer sal kan dink oor wat goeie regering is of wat dit behoort te gewees het nie!

Die NP se volledige onvermoë om die volle draagwydte van hervorming te verstaan, is diep gewortel in Suid-Afrika se geskiedenis. In die voortslepende zerosomspel wat al 340 voortwoed, het die blankes hulle mag en rykdom in 'n belangrike mate te danke aan die feit dat hulle meesal aan die wenkant was in die wedersydse groepsplundery.

Wat uiters ontstellend is, is dat die blankes daarop aanspraak maak dat hulle steeds aan die wenkant wil wees - selfs moet wees. Die NP is volgens De Klerk net bereid om 'n nuwe grondwet te aanvaar as hy nie sy politieke MAG hoef oor te dra nie en as die nuwe grondwet 'n WEN-WEN situasie vir almal sal skep. Goeie magtig! Verstaan die blankes dan nie dat hulle vir te lank, te weldadig en te onregverdig aan die wenkant was om steeds aan die wenkant te wil wees nie. In die eersvolgende 20 jaar behoort hulle nie aan die wenkant te wees nie, sal hulle eenvoudig 'n knock moet vat in die langtermynbelang van al Suid-Afrika se mense.

Terwyl die NP adamant aandring op 'n WEN-WEN formule is Suid-Afrika besig om in 'n VERLOOR-VERLOOR situasie in te gly! As die De Klerk-regering tog maar net van meet af kon begryp dat die enigste opsie wat vir hom "oop" is, is om die voorregte wat sy ondersteunerskorps noodwendig sal moet offer, tot 'n minimum te probeer beperk. Dit impliseer 'n koalisie-regering waar die meerderheidsparty (waarskynlik die ANC) die NP vrywillig uitnooi om deel van die nuwe regering te wees. Dit word tog vry algemeen in ANC-kringe erken dat hulle hierdie land nie sonder die hulp van die NP en sy burokrasie kan regeer nie. Maar voordat hierdie opsie 'n werklikheid kan word, sal die NP moet ophou om die ANC-alliansie met sulke bedenklike verkiesingspropaganda swart te smeer.

Die NP verstaan baie opvallend ook nie watter onmeetlike skade hy die Suid-Afrikaanse ekonomie berokken met sy hebsugtige strewe om teen elke prys sy greep om die hefbome van staatsmag te behou nie.

Indien die NP nie daarin gaan slaag om sy magsgreep statuter en legalisties te verskans in 'n Rechtstaat nie, is hy klaarblyklik van plan om aan politieke mag te bly klou met behulp van allerhande onheilige alliansies, deur omkoperij en deur die "swartgevaar" - die NP se beproefde propagandatruuk - buite alle verhoudings aan te blaas ongeag die effek wat dit op binne- en buitelandse beleggingsvertroue gaan uitoefen.

Die NP het met hierdie soort disinformasie reeds in sakekringe die idee (vrees?) gevestig dat as die NP nie sy magsgreep vir altyd en altyd gaan behou nie, dit nie moontlik sal wees om omstandighede te skep wat bevorderlik vir ekonomiese groei sal wees nie. Indien 'n meerderheidsregering (met hoofsaaklik swart steun), nie bereid sou wees om vrywillig 'n koalisie met die NP te sluit nie, is dit seker billik om te vermoed dat so 'n regering nie die samewerking van die burokrasie en die korporatiewe sektor sal verkry nie en nie daarin sal slaag om omstandighede te skep wat bevorderlik vir ekonomiese groei sal wees nie.

Dit is egter eweseer waar dat indien die NP daarin sou slaag om vir 'n onbepaalde tyd aan staatsmag te bly klou met behulp van onheilige alliansies, politieke omkoperij en rassistiese propaganda, so 'n NP-beheerde regering óók nie omstandighede sal kan skep wat bevorderlik vir ekonomiese groei sal wees nie. Juis daarom sal die NP net in die langtermyn nasionale belang optree as hy sou probeer om onderlinge vertroue en versoening na te streef, eerder as om so irrasioneel voort te donder met sy hebsugtige strewe na magsbehoud.

Is die NP tot so iets in staat? Nee, klaarblyklik nie! Daarvoor is die NP te veel die slagoffer van sy eie wanbegrip, gaan hy te swaar gebuk onder die las van sy donker verlede en is sy lewensorientasie nog steeds te arrogant, te hebsugtig, te kortsigtig en te (blanke) groepsgeorieerd.